Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

3 November 2021
OB 35

Beste Ouers

The Hills 2021 was weereens 'n groot sukses. Ons het 'n groot aantal inskrywings gehad en die dag het uitstekend verloop.

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het; sonder julle was daar nie 'n byeenkoms nie, soos ons BL-voorsitter Saterdag tereg opgemerk het. Dankie aan elke borg, wat 'n donasie of skenking gemaak het vir die dag. Hou gerus ons Facebookblad dop en gee erkenning aan ons borge. Ons is 'n groot dank aan mnr. en me. Kriel verskuldig. Dankie aan Jim en Ronel wie jaar na jaar Doringlaagte beskikbaar stel vir hierdie dag. Daar gaan groot werk in om ons te kan ontvang. Dit word werklikwaar waardeer. Baie dankie aan *Montagu Fire and Rescue* vrywilligers, wat onder leiding van mnr. Johan Olivier, as veiligheidsbeampte, toegesien het na noodhulp en ander veiligheidskwessies.

Dankie aan die beheerliggaam wat hard gewerk het om borge te kry, waterpunte te reël, vergaderings te koördineer ens. Dankie aan me. Lizanne van Eeden en haar span wat aan die hoof van elke kosstalletjie gestaan het, asook elke ouer se hulp om almal se honger mae te vul. Hul stalletjies en tafels het feestelik gelyk. Dankie aan Hannes Gous en Johannes Meyer, asook Nelene Gous en Ilse Esterhuyse vir die uitmerk van roetes en om toe te sien dat die roetes weer opgeruim word.

Maandag het 7 assistente by ons aangesluit wat deur die Departement van Onderwys befonds word om onder meer skole by te staan met die ekstra administrasie en "screening" proses tydens Covid-19. Terselfdertyd vorm dit deel van die regering se werkskeppingsoffensief. Daar is ses BEEI onderwys- en een algemene assistent aan ons toegeken. Ons vertrou dat hul tyd by die skool vir hulle leersaam en opwindend sal wees.

Ons is vinnig op pad na die eindjaar toetsreeks, wat vir gr. 7 op 17 Nov. en gr. 4-6 op 22 November begin. Ons wens ons leerders sterkte toe met hul voorbereiding vir hierdie baie belangrike toetsreeks. Dit is die laaste geleentheid vir ons leerders om hul punte tot op 'n hoër vlak te verbeter. Ongeag of dit 'n 78 is wat hul tot by 80 wil verhoog of 57 wat hul graag bo 60 wil verbeter, wil ons versoek dat elke leerder hard sal leer, asook vroegtydig begin voorberei om sukses te verseker.

Ons het die afgelope paar weke heelwat hartseer by die skool beleef. Eerstens is juf. Thamlynne Nel se oupa oorlede. Hy is die afgelope naweek begrawe. Jadelyn van Wyk en Kennedy Plaatjies se mamma is verlede week oorlede. Die afgelope naweek is Cara Brown se mamma ook oorlede. Verskeie leerders het grootouers verloor. Ons vra dat u voorbidding sal doen vir al hierdie families, asook ander in die skoolgemeenskap waarvan u weet. Indien so 'n hartseer u tref, laat weet ons asb. sodat ons weet deur watter trauma die kind beweeg. Baie sterkte.

Alles van die beste vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

BELANGRIKE DATUMS

Vrydag, 5 November:	IF werksafbakening vir toetsreeks uit na ouers
Saterdag, 6 November:	Atletiekafrigters opleiding vir personeel
Dinsdag, 9 November:	Tennis vs KOO
Donderdag, 11 November:	Laaste sport (met die oog op eindjaar toetsreeks)
	Ouerbegrotingsvergadering
Vrydag, 12 November:	Gr.R-Kuierdag
Woensdag, 17 November:	Toetsreeks (gr.7) begin
Maandag, 22 November:	Toetsreeks (gr.4-6) begin

TOETSROOSTER: NOVEMBER 2021

Dag	Datum	Gr. 4 - 6	Gr. 7
Woensdag	17 Nov		NW
Donderdag	18 Nov		ENG
Vrydag	19 Nov		AFR
Maandag	22 Nov	NWT	GEO
Dinsdag	23 Nov	AFR	SK + Drama
Woensdag	24 Nov	ENG	LO
Donderdag	25 Nov		
Vrydag	26 Nov	WISK	WISK
Maandag	29 Nov	GEO	EBW
Dinsdag	30 Nov		
Woensdag	1 Des	PSW	GESK
Donderdag	2 Des	GESK	TEG
Vrydag	3 Des	Tale: Skryfstukke	Tale: Skryfstukke

S P O R T

Die krieketwedstryd wat Donderdag, 28 Oktober tussen twee o/13-Montie krieketspanne sou plaasvind, is ongelukkig gestop weens donderweer.

ERKENNINGSAANDE

Onthou asseblief dat alle sertifikate of medaljes wat leerders by buite skool-aangeleenthede verwerf, skool toe gestuur moet word. U het reeds 'n brief ontvang hieroor met 'n tabel, waarop u u kind se prestasies moet invul. Stuur asseblief die sertifikate of medaljes saam. Dit moet teen **Vrydag, 12 November 2021** by die skool wees.

Montagu Tennisklub bied aan:

BURGERS

VIR BANE

12 NOVEMBER 2021

TYD: 12H00, 17H00 - 19H00

BURGER & CHIPS

@ **R50.00**

Vanaf 14:00 is sal daar lekker sports wees waar ouer en junior lede spanne mekaar aanvat.

Kom ondersteun ons asb. vir 'n lekker dag van TENNIS!!

20:00

VERTOON WEDSTRYD



ANRO NEL vs VINCENT MOKHITLI

ONS GAAN GROOT MET VAN 'N STOEL SKEIDSREGTER TOT 'BALL BOYS"

KOM KYK HOE SPEEL MONTAGU SE **TENNIS TROTS**, en COACH VINCENT

KONTANT KROEG BESKIKBAAR